kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Perspektiewe op onsself

Skriflesing: Lukas 18:9-14

Broodjies vir die pad

"The way of Jesus cannot be imposed or mapped — it requires an active participation in following Jesus as he leads us through sometimes strange and unfamiliar territory, in circumstances that become clear only in the hesitations and questionings, in the pauses and reflections where we engage in prayerful conversation with one another and with him."
— Eugene H. Peterson, The Jesus Way: A Conversation on the Ways That Jesus Is the Way

"Human nature is full of riddles and contradictions; its very complexity engenders art—and by art I mean the search for something more than simple linear formulations, flat solutions, oversimplified explanations. One of these riddles is: how is it that people who have been crushed by the sheer weight of slavery and cast to the bottom of the pit can nevertheless find strength to rise up and free themselves, first in spirit and then in body; while those who soar unhampered over the peaks of freedom suddenly appear to lose the taste for freedom, lose the will to defend it, and, hopelessly confused and lost, almost begin to crave slavery. Or again: why is it that societies which have been benumbed for half a century by lies they have been forced to swallow find within themselves a certain lucidity of heart and soul which enables them to see things in their true perspective and to perceive the real meaning of events; whereas societies with access to every kind of information suddenly plunge into lethargy, into a kind of mass blindness, a kind of voluntary self deception."
— Alexander Solzhenitsyn, Warning to the West

'n Boek wat deur elke (wit) Afrikaner gelees moet word

Gert van der Westhuizen

In my vel: 'n Reis
Azille Coetzee
TAFELBERG, R255

Azille Coetzee se *In my vel: 'n Reis* lyk dalk na 'n onopvallende boekie van skaars 200 bladsye wat boonop sonder 'n groot trompetgeskal sy opwagting gemaak het, maar dit is straks een van die belangrikste boeke wat vanjaar in Afrikaans sal verskyn.

Dit klink dalk na 'n oordrewe stelling, maar *In my vel* is 'n boek wat eenvoudig deur elkeen wat haar- of homself as 'n (wit) Afrikaner beskou en in Suid-Afrika wil bly, gelees móét word.

Die aktualiteit daarvan sal nie sommer vervaag nie; inteendeel, die onnodige bohaai gegrond op 'n ongesonde nostalgie oor die ou vlag het vir my net weer die waarde van *In my vel* onderstreep.

Coetzee, filosoof en feminis, se boek is al beskryf as 'n liefdesverhaal sowel as 'n reisverhaal, maar dit is bowenal 'n baie eerlike en deurtastende soeke na die siel van die moderne (wit) Afrikaner: "Waar kom ek vandaan? Wie is ek?"

Vrae soos dié het Coetzee dikwels gekonfronteer in die veilige ruimte van Amsterdam waar sy 'n PhD aan die Vrije Universiteit gedoen het.

Soos vir menige Suid-Afrikaner wat al oorsee gereis het, voel Coetzee aanvanklik lig en vry omdat sy onder meer in die stiptelike, ordelike en voorspelbare (haar woorde) Nederlandse samelewing nie gedurig op die loer hoef te wees vir 'n misdadiger wat haar leed wil aandoen nie. Tog is dit 'n wêreld, kom sy algaande agter, waarop haar lewe aan die suidpunt van Afrika haar nie voorberei het nie, "al is my vel spierwit en al klink my taal amper soos Nederlands".

Dinge word ook nie makliker gemaak deur haar "Suid-Afrikaansheid" wat aan haar kleef nie, skryf Coetzee: " . . . 'n mens dra swaar aan Suid-Afrika. Dit sit aan jou."

Sy vind uiteindelik weer haar pad na Suid-Afrika waar die "sukkelspel" van haar identiteit voortduur en sy gekonfronteer word deur haar witheid en haar Afrikanerskap met sy bagasie van die verlede en haar bevoorregte posisie in die mees ongelyke samelewing op aarde.

Coetzee se ontleding van witheid en Afrikanerskap met sy verskriklike erflating van die verlede is veral verfrissend omdat sy nie 'n "born-free" is nie en ook nie iemand wat aandadig aan apartheid was nie.

Sy was nog 'n kind tydens die reënboognasiedae van oudpres. Nelson Mandela toe dit reeds duidelik was dat apartheid nie tot 'n einde gekom het nie.

Sy draai nie doekies om nie en haar vrae en ontledings van wit Suid-Afrika is eerlik en reguit.

Sy wys onder meer op die middelklaslewe in Suid-Afrika se weelderigheid en oorvloedigheid as dit met dié in Europa vergelyk word en die plaaslike onwilligheid om sulke bevoorregting, en veral die oorsprong daarvan, te konfronteer.

Haar vrae is só aktueel en dringend dat 'n mens kort-kort ophou met lees om lang aanhalings neer te skryf. Soos: "So baie

van die wit Suid-Afrikaners wat ek ken, wil niks weet van enigiemand anders se pyn nie, wil nie hoor van apartheid nie en wil veral nie vir ’n oomblik dink aan hul eie aandadigheid of verantwoordelikheid teenoor ander nie.”

Sy kom ook gou in Suid-Afrika agter dat menings soos dié van wit Suid-Afrikaners nie baie gewild is in ’n toenemend onverdraagsame omgewing waar regse boelies die openbare (Afrikaanse) narratief bepaal nie.

Sy vrees aanvanklik ook dié aanvalle van “luide konserwatiewe Afrikaners” en word weer ’n “doodstil wit Afrikaner wat nie hardop deelneem aan die belangrike gesprekke wat ons almal in hierdie land behoort te hê nie. En sodoende bydra tot die instandhouding van die aanname dat die paar Steve Hofmeyrs van die lewe namens alle wit Afrikaners praat.”

Gelukkig het Coetzee haar nie vir lank laat afskrik nie en *In my vel* is haar antwoord op onder meer sulke onverdraagsaamheid.

’n Mens kan maar net hoop dat die “luide konserwatiewes” na wie sy verwys ook haar boek sal lees en dat dit nie beperk sal bly tot eendersdenkendes nie.

Want dit het tyd geword, soos Coetzee tereg opmerk, dat die stryd om rasse- en ekonomiese gelykheid in Suid-Afrika nie langer net gemik word op dinge wat jou persoonlike welstand beïnvloed nie.

Vergun my een laaste aanhaling.

“Ek moet, saam met die res van die mense van Suid-Afrika, baklei teen armoede, teen swak dienslewering, teen xenofobie, en vir ekonomiese hervorming, vir gelyke menswaardigheid en vir radikale demokratiese gelykheid. Hier het ek die geleentheid om ’n nuwe soort wit mens te word.”

Dit is ’n geleentheid wat alle wit Suid-Afrikaners met albei hande behoort aan te gryp. En hier laat Coetzee ons met ’n laaste vraag: Hoeveel van ons is bereid om dit te doen?

Gert van der Westhuizen is ’n vryskutresensent van Johannesburg en Netwerk24 se Stemme-redakteur.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/n-boek-wat-deur-elke-wit-afrikaner-gelees-moet-word-20190825

“...a novel, like a myth or any great work of art, can become an initiation that helps us to make a painful rite of passage from one phase of life, one state of mind, to another. A novel, like a myth, teaches us to see the world differently; it shows us how to look into our own hearts and to see our world from a perspective that goes beyond our own self-interest.”
— Karen Armstrong, A Short History of Myth / The Penelopiad / Weight / Dream Angus

“And yet I decide, every day, to set aside what I can do best and attempt what I do very clumsily--open myself to the frustrations and failures of loving, daring to believe that failing in love is better than succeeding in pride.”
— Eugene H. Peterson, A Long Obedience in the Same Direction: Discipleship in an Instant Society

“Christianity sees in the picture of Jesus as the Christ a human life in which all forms of anxiety are present but in which all forms of despair are absent.”
— Paul Tillich, Systematic Theology, Vol 1

“Our ego consciousness — namely, who we think we are, or what we believe real — is at best a thin wafer floating on an iridescent sea. In any moment, we view the world through a distorting lens and make choices based on what the lens allows us to see, not what lies outside its frame.”
— James Hollis, Living an Examined Life: Wisdom for the Second Half of the Journey

---

Brood vir die pad

Deernis word só ’n kragveld wat uitkring

Wilhelm Jordaan

Elke keer as ek die rockgroep R.E.M. se liedjie “Everybody Hurts” hoor, oorrompel dit my – soos dit duisende ander mense oorrompel het toe Raymond Kelly, ’n 66-jarige Katolieke priester, dit by ’n oudisie van Britain’s Got Talent in 2018 gesing het.

Kyk maar op YouTube hoe toeskouers en beoordelaars diep geraak word deur die passie waarmee die priester die hartseer in die liriek na vore bring:

“When your day is long / and the night, the night is yours alone / When you’re sure you had enough / Of this life, well hang on / Don’t let yourself go / ’Cause everybody cries / And everybody hurts sometimes . . .”

Die liedjie bevestig ook dat ons almal ’n behoefte aan deernisvolle begrip het wanneer dit, om watter redes ook al, nie so goed met jou gaan nie. Dat jy dán weet jy is nie alleen nie.

Egte deernis maak ’n genesende samelewing moontlik. Dít gebeur as deernis ’n leefwyse word waardeur ’n mens gelyktydig verstandig én met hartstog opgaan in en deel word van ’n ander se seer en nood. Verstandige deernis behels dat dit oordeelkundig betoon word. Jy storm nie soos ’n Daantjie Donderbos met stuwende emosie ’n ander se seer binne nie, en kondig nie breedsprakig jou goeie bedoelings en besorgdheid aan nie. Deernis kom stiller en sagter.

Sulke deernis is onderhewig aan risiko en eis boonop geduld en toewyding.

Deernis ís ’n risiko, want dit kan geminag en verwerp word, of nie die verskil maak waarop jy gehoop het nie. Geduld sê jou deernis moet so wees dat jy ander toelaat en ruimte gee om ’n moeilike toedrag volgens hul eie perspektiewe en insigte te hanteer en nie volgens jóú opvattings en voorkeure nie.

En toewyding veronderstel ’n volgehoue belangstelling in en betrokkenheid by hulle wat seer het en in nood is.

Sorgsame deernis word so ’n onafgehandelde saak, ’n onvoltooide lewensprojek.

Verstandige deernis is egter leeg en blind as dit nie aangevuur word deur die hartstog van die diepste meegevoel nie.

Lank gelede het die digter Dante in sy Goddelike komedie deernis se poëtiese hart beskryf. Hy sê die ergste sonde wat die mens kan pleeg, is nie dat jy te veel of te min liefhet nie, maar dat jy sorgeloos onverskillig is; net nie omgee nie.

Deernis verander die onaangename werklikheid waaraan mense onderwerp is op grond van jóú keuse dat die lewe betekenis kry deur deernis met ’n ander te hê. En dít, sê Dante, bring ’n vrylopende, onstuitbare energie:

“. . . soos ’n wiel wat glad en vry beweeg / kom die meegevoel en die deernis wat die wil en begeerte bring / tot die meegevoel en die deernis / wat die son en die sterre beweeg.”

So word deernis ’n kragveld wat ongehinderd tussen mense vloei en ver uitkring. En dít is iets gans anders as ’n tydelike, oppervlakkige opwelling van “my innige simpatie”.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/deernis-word-so-n-kragveld-wat-uitkring-20191023

---

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877